**<u>Consortium?</u>**

Die uitspraak deur die Appèlhof op 25 September 2014 in die saak van *RH vDE* (Saak no: 594/2013) het `n nuwe uitkyk op die deliktuele aksie gegrond op owerspel gegee.

<u>Agtergrond (Noord Gauteng Hooggeregshof: *hof a quo*):</u>

Die eiser het sy voormalige vrou se minnaar gedagvaar vir skadevergoeding in die Noord Gauteng Hooggeregshof. Sy aksie het alleenlik gesteun op *actio iniuriarum* in die vorm van owerspel, wat gewoonlik op twee gronde gebaseer is: enersyds *contumelia* (belediging of krenking aan sy/haar selfbeeld of waardigheid) en andersyds verlies van *consortium* (verlies van vertroosting en samelewing).

In die *hof a quo* het Regter Vorster AJ onder beide hoofde skadevergoeding toegestaan en het die verweerder met verlof van die Appèlhof geappelleer teen die uitspraak.

<u>Appèlhof:</u>

Die hof het erken dat die huidige ontstaan van die aksie vir owerspel nie bevraagteken kan word nie. Dit was uitdruklik erken deur die Appèlhof vir die eerste keer in die saak van *Viviers v Kilian 1927 AD 449* en is verskeie kere bevestig. Die hof het ook verwys na die uitspraak van *Green v Fitzgerald 1914 AD 88* met spesifieke verwysing dat owerspel al 100 jaar nie as `n strafregtelike oortreding geag word nie as gevolg van onbruik daarvan. Selfs die erkenning van die privaatreg aksie in England, waar die ontstaan van die aksie sy wortels vekry het, is afgeskaf deur wetgewing.

Regter Brand AJ, het in die uitspraak vermeld dat die huwelik een van die belangrikste instellings in ons gemeenskap is wat erkenning en beskerming deur ons Grondwet geniet, maar indien die partye tot die huwelik hulle morele verbintenis/toewyding verloor het, sal die huwelik misluk en `n straf wat aan die derde party (minnaar)  toegedien word sal dit onwaarskynlik verander.

In verskeie ander lande was die gevolgtrekking gemaak dat die aksie geen afskrikmiddel of -effek het nie en Regter Brand AJ, het gesê dat daar geen rede is om te vermoed dat ons samelewing hiervan verskil nie.

Die howe is verplig om in terme van Artikel 39(2) van die Grondwet, die gemene reg te ontwikkel. Die Appèlhof het te afsluiting vermeld dat in die lig van die verandering in die mores (waardes) van ons samelewing: “the delictual action based on adultery of the innocent spouse has become outdated and can no longer be sustained; that the time for its abolition has come”.

In die lig van die bovermelde het die Appèlhof beslis dat die appèl moet slaag en is die bevel van die hof *a quo* tersyde gestel en vervang met : die eiser (in die *hof a quo*) se aksie is van die hand gewys met koste.